# Hoofstuk van die dag: Matteus 18

> *Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk*

*van die hemel kom nie. (vers 3)*

Die dissipels wou seker hê Jesus moet vir hulle sê húlle is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. Dit was 'n vraag wat die hele tyd onder die oppervlak van hulle gemoed gesluimer het. Later het Jakobus en Johannes wéér hierdie vraag gehad, en toe sommer hulleself voorgestel (Mar 10:35-37). En by hulle laaste ete saam met Jesus het hulle steeds hieroor gestry (Luk 22:24).
Jesus se antwoord is verrassend. Dit is die sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas) se weergawe van Joh 3:16. As jy nie verander en soos 'n kind word nie, gaan jy dit nie by God maak nie. God kyk immers nie na ons soos ons na mekaar (en na onsself) kyk nie. Slegs hy wat nie vol van homself is nie, wat weet hoe afhanklik hy van God is (Matt 5:3), is Koninkryksmateriaal. Net dán kan jy regtig liefhê en omgee. En dis tog die tweede groot gebod (Matt 22:39).
Dis nie antwoord wat die dissipels (en ons) wil hoor nie. Maar dis God se antwoord.

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

© Bybelkoerant 2018 – 2026